

1 September

Hebreërs 2:5-18; NGB 18, 19

Jou enigste Verlosser is ware God en ware mens

Ons staan voor 'n misterie van die onbegryplike God. Hoe kan dit dat 'n mens God en 'n God mens kan wees? Ons weet nie. Menslike woorde ontbreek wanneer daar oor die twee nature van Jesus gehandel word. Te onderskei, maar nie te skei nie. Tog aanvaar ons dit soos kinders in die geloof. So openbaar die Woord Hom. Hy is volgens sy Goddelike natuur altyd daar en oral teenwoordig. Hy het egter volledig mens geword toe Hy uit die maagd Maria gebore is.

Selfs in sy dood en in sy hemelvaart het die goddelike en die menslike nie van mekaar geskei nie. Hy is steeds ware mens en ware God.

Watter betekenis het die vir ons? As dit nie so was nie, sou geen verlossing moontlik gewees het nie. Dan het ons die dag sonder hoop en sonder verlossing tegemoet gegaan.

Kom ons dink daaroor: As ons verlossing van bloot 'n mens afgehang het, sou dit nooit gebeur het nie. Hoe kan 'n mens die toorn van God oor die sondes dra? Aan die ander kant moet die mens vir die sonde van die mens betaal. Dit sou onregverdig van God gewees het om iets of iemand anders te straf vir die mens se sonde.

Sien u die doodloopstraat waarin ons ons sou bevind? Waar kry 'n mens 'n mens wat God is en 'n God wat mens is? Waar kry 'n mens so 'n Verlosser? Die enigste Verlosser?

Nêrens.

Nêrens, buite Christus nie. Gaan ondersoek maar die ander godsdienste. Hulle redder is of net God of net mens. Daar is maar EEN VERLOSSER.

Sing: Skrifberyming 5

Ds. H.S. Coetzee (Bellville-Oos)